Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 28 Aug. 1946. No. 40.

# Immigrante en Barbaredom Bedreig Ons Volksbestaan

## Dr. Van Zyl Op Caledon

**Die kenmerkende blanke beskawing in Suid-Afrika loop gevaar om tussen die meulstene van onbeheerde immigrasie en die nie-blanke massas wat deur die kommuniste opgesweep word, fyngemaal te word, het die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. F. du T. van Zyl, Saterdagaand, 24 Augustus, in die Stadsaal op Caledon verklaar.**


**Het die tyd dan nie beslis aangebreek dat die blanke Afrikanervolk meot saamstaan en saamstry nie? het dr. Van Zyl gevra. Die Ossewabrandwag het hierdie vraag reeds bevestigend beantwoord, soos getuig sy herhaalde aanbiedinge tot samewerking. Spr. wil vanaand die vraag pertinent aan drie ander klasse van landsburgers stel.**

**Op die Afrikaners in die H.N.P., sowel as op die party as sodanig, wil hy 'n beroep doen, het dr. Van Zyl gesê, om die blik wyer te werp as die grense van die party. Laat ons die gevare wat vandag voor ons volk opdoem, gesamentlik aanpak as volk. Dit is immers voor die handliggend vir die H.N.P. om saam te werk met die O.B. en met die ander nasionale groepe ten opsigte van groot vraagstukke waaroor ons dit eens voel. En dit is die grondslag van die O.B. se samewerkingsvoorstel.**

**Uit die aard van die saak het die H.N.P. geen reg om hierdie samewerking te weier nie. Inteendeel, dit is die party se besondere verantwoordelikheid om dit te bewerkstellig. Hy is 'n politieke party. Hy wil stemme hê. Hy wil graag 'n parlementêre meerderheid verkry. Dit is gevolglik sy taak om dit vir ander moontlik te maak om vir hom te stem. Dit is agterstevoor om die O.B. te verwyt as hy nie vir die H.N.P. wil stem nie: die verwyt moet gerig word aan die adres van die H.N.P. wat dit nie vir die O.B. moontlik maak om vir hom te stem nie.**

**Dr. Van Zyl het gesê dat na die herhaalde aanbiedinge tot samewerking, die O.B. tog seker die reg het om 'n antwoord te verlang van die H.N.P. en om te hoop dat 'n samespreking gereël kan word. Ons voorouers het nie gestry en geoffer om Suid-Afrika uit te lewer aan die uitlander en die barbaar nie. Dit is hoog tyd dat die H.N.P.-leiers gehoor gee aan die oproepe van die O.B. en die versugtinge uit hul eie geledere en met ons kom gesels oor samewerking sodat onls die erfenisse van ons vaders ook erfenisse van ons kinders kan laat bly.**

**Dit is die boodskap wat Caledon stuur, het dr. Van Zyl onder toejuiging verklaar.**



Dr. VAN ZYL

### DIE BASAAR

Die vergadering in die stadsaal, wat van hoek tot hoek gevul was met O.B.-lede en ander belangstellendes, het die O.B.-dagviering van die kommando's Caledon en Oukraal afgesluit. In die namiddag het die kommando's suksesvol basaar gehou in die Blomskuur. Meer as £200 is ingesamel. Alle lof kom die flukse vroue toe, wat onder leiding van kommandantes Du Toit en De Wet, die nodige werkywer geopenbaar het om van die dag 'n skitterende sukses te maak. Hoofgenl. Max Smuts, wat die basaar geopen het, het veral klem gelê op die dreigende kommunistiese gevaar waarteenoor ons volk slaggereed en georganiseerd moet staan.

### ENGELSSPREKENDES

Voortgaande het dr. Van Zyl op die Engelssprekendes, wat deur geboorte en aanname van Suid-Afrika as hul vaderland, hulle Afrikaners gevoel; wat deur die aftakeling van die Britse Empire geen toekoms meer „way back home" het nie, en vir hul toekoms alleen aangewese is op Suid-Afrika — op hierdie Engelssprekendes het dr. Van Zyl 'n beroep gedoen om in Afrikaanse volksverband te kom saamwerk ten einde te verhoed dat ons beskawing ten onder gaan.

### S.A.P.-AFRIKANERS

Dr. Van Zyl het verklaar dat daar in die S.A. Party duisende Afrikaners is wat dit wel meen met hul volk, en wat in daardie party sit, omdat hulle glo dat die beleid van hul party, ekonomies en andersins, vir S.A. die beste is, of as gevolg van die uitskel- en wegja-beleid van die partypolitiek. Op hierdie Afrikaners wil hy 'n beroep doen om hulle oë oop te maak vir die gevare wat ons beskawing bedreig en om saam met hul volk te kom stry daarteen.

**Spr. wel beklemtoon dat die gevare tot die ondergang van alle blankes gaan lei en nie net tot die ondergang van hierdie of daardie seksie nie.**

In die pad van ons toekoms, het die gebiedsleier gesê, lê twee gevaarberge waarteenoor al die kleinlike twiste van blank Suid-Afrika tot molshopies verklein.

### DIE GEVARE

Die een is die toestroming van immigrante uit Suid- en Oos-Europa, sowel as uit die Nabye Ooste — die toestroming van mense van nie-Noordiese afkoms. Die gevolg van hierdie

(Vervolg op bls. 3, kol. 3)

# Unie-Leër Verbrits en Verengels

## SELFS BROEK MOET HANG SOOS IN „HOME"

**Suid-Afrika, soos alle ander dominiums, sal voortaan sy militêre opleiding op die beginsels en metodes van die Britse leër baseer. Hierdie besluit is geneem op die Britse militêre konferensie wat verlede week in Londen gehou en bygewoon is deur genl. P. de Waal van die Unie-leër.**

Dat hierdie metode van opleiding reeds nougeset toegepas word, blyk uit die opleiding van die rekrute wat onlangs opgeroep is vir verpligte militêre oefeninge. In al die Kaapse regimente wat op die been gebring is, word 'n Britse gees gehandhaaf.

Hoewel ongeveer die helfte van die seuns Afrikaanssprekendes is, word alle militêre bevele in Engels gegee. Bevelvoerende offisiere het reeds toe daar etlike weke gelede 'n aanvang gemaak is met die militêre oefeninge, op parade verklaar dat die Suid-Afrikaanse leër soveel moontlik op Britse lees geskoei word, nie alleen deur die manier van optrede nie maar ook ten opsigte van die uniforms.

### GEEN AFRIKAANS


**Aan die rekrute is meegedeel dat dit te veel moeite is om die bevele ook in Afrikaans te gee. „Ons het gevind dat dit onnodig en 'n vermorsing van tyd is, en daarom gee ons nou die bevele net in Engels.** Ons leër ondergaan 'n grootskaalse reorganisasie en word in alle opsigte op die Britse lees geskoei. Ons probeer dan ook om so nougeset as moontlik die Britse patroon na te volg," aldus 'n verklaring van 'n bevelvoerende offisier.

Die stiptelike navolging van die Britse leër geïd selfs die hang van die broek en die vasmaak van die skoene! Rekrute wat hul broeke 'n paar duim bokant hul knie en hul kouse tot gelyk met die helfte van die kuit gedra het, moes hul broeke laat sak en kouse optrek tot onder die knie sodat net die kniekop tussen die broek en kous sigbaar is. Offisiere het verklaar dat dit gedoen word „omdat die Britse leër hul uniforms so dra." Teen 'n rekruut is uitgevaar omdat hy skoene „soos die bl-- Duitsers vasgeryg het."

### „TIPPERARY"

Die Duke's regiment wat uit 'n groot aantal Afrikanerseuns bestaan, is reeds besig met sang en orkesoefeninge met die oog op die koms van die Britse koning aanstaande jaar. Daar word geen Afrikaanse liedere gesing nie en liedere soos „Rule Brittania", „God save the King" en „Tipperary" is die gewildste. Uit protes staan baie van die seuns met toe monde as daar gesing word. Afrikaners vind dit veral komieklik dat baie van die sogenaamde Engelse liedjies egte Duitse wysies het. So word daar b.v. ewe lustig gesing aan die Duitse „Lilli Marlene." Die woorde is darem „home made."

Twee van die mees Britse regimente, die Cape Town Highlanders en die Duke's, is die eerste opgevul. Na verneem word sal hulle 'n aandeel hê in die vertoon wanneer die Britse koning vir genl. Smuts kom kuier.



*VIR WÊRELDREKORD OF WÊRELDHEERSKAPPY? —*
**Onderwyl Engeland hom besig hou met die vermaaklikheid om wêreldsnelheidsrekords te slaan met hierdie Duitse spuitvliegtuig, is verlede week berig dat Rusland wapentuig van die nuutste soort in Duitse fabrieke vervaardig teen die hoogste tempo, waaronder 'n verdere ontwikkeling van die Duitse spuitvliegtuig. Die foto toon Britse tegnici wat onder leiding van Duitse wetenskaplikes besig is om die spuitvliegtuig, waarmee 'n aanslag op die wêreldrekord gemaak gaan word, in gereedheid te bring.**

## Jood in Plek van Genl. Morgan

Luit-genl. Morgan, hoof van Unrra se afdeling vir verplaaste persone in Duitsland, is van sy pos onthef omdat hy geweier het om 'n verklaring te doen oor sy kritiek wat hy uitgeoefen het dat Russiese agente Unrra as 'n dekmantel gebruik om moeilikheid te stook in Duitsland. Morgan is op 'n vorige keer gevra om te bedank omdat hy beweer het dat die Jode die Amerikaanse besettingsgebied binnestroom met die doel om die Amerikaners te verplig om aan die Jodedom 'n vaste verblyf te verskaf. Hy is nou vervang deur 'n Jood met die naam Cohen.

Gelukkig

**Ek is gelukkig om die dienste van mnr. Fred. Fobian, vroeër van Hepworths, as snyer in te win. Hy is vasberade om sy Nuwe Firma die MEKKA van GOEIE KLERE te maak.**

KOTZE

**Adderleystraat 134 KAAPSTAD**

# OORWINNING DEUR BONDGENOOTSKAP

## UITEENSETTING VAN O.B. SE SAAMWERK-VOORSTEL

**Etlike H.N.P.-lede, o.a. voorsitters en sekretarisse van die party, het navraag gedoen by Die O.B. oor wat nou presies die voorstel vir samewerking is wat die Ossewabrandwag aan die volk voorlê. Ons voldoen hiermee aan die versoek, en wil vooraf 'n paar onomstootlike feite noem.**

**Daar kan geen twyfel bestaan nie dat die H.N.P. elke nasionaalgesinde se stem nodig het om die Smuts-regering van sy troon te stoot, en as daar twyfel bestaan, is die huidige toestand so gevaarvol dat daar nie met kanse gedobbel kan word nie.**

● **Dit is feit nommer een.**

Hierdie feit word deur die H.N.P.-leiding erken deur dat hulle mense wat lede van ander nasionale groepe is, vra om vir hulle by die volgende verkiesing te stem. Hulle verklaar dat hul „voordeur" oop staan — wat waar is, **mits genoemde lede afstand doen van hul oortuiging, en hul organisasies bedank.** In Kaapland by voorbeeld is alle H.N.P.-lede uit die party gesit wat nie die O.B. wou bedank nie. Hierdie lede kan alleen ná bedanking uit die O.B. weer by die party se „voordeur" inkom as lede.

● **Dit is feit nommer twee.**

### SOOS 'N OUTA

Die enigste vorm van steun wat die O.B.-lid die H.N.P. onder die huidige omstandighede kan gee, is dié van **„vlottende stem"** — van politieke daklose. Soos die outa langs die pad wat deur die motoris aangesê word om gou te help stoot en dan in die pad agtergelaat te word met die stof van die vertrekkende motor in sy oë, sonder dat hy weet of die motoris nie dalk die polisie gaan aansê om hom as rondloper in „bewaring" te neem nie, so word van die O.B. verwag om te help stem sonder dat hy erken word. **Want die H.N.P.-leiding se houding teenoor die Ossewabrandwag is nog steeds een van vyandskap — of op sy allerbeste een van miskenning. Die O.B.-lid wat vir die H.N.P. stem, het geen sekerheid dat die H.N.P. as regering sy organisasie met minder vyandskap gaan bejeën as wat hy dit doen as opposisie nie.** As H.N.P.-blaaie op 'n stadium wanneer hulle O.B.-lede om hul stemme vra, nog steeds weier om 'n betaalde advertensie van die O.B. te publiseer, watter waarborg het die O.B.-lid dat 'n H.N.P.-bewind met al sy nuwe magsmiddele minder vyandiggesind sal wees nadat hy die O.B.-stem nie meer nodig het nie? Dit is om hierdie rede dat dr. Van Zyl onlangs beklemtoon het dat die O.B. nie vir die H.N.P. kan stem as hy nie weet hoe daardie stem gebruik gaan word nie. **Daar moet eers vrede kom.**

● **Dit is feit nommer drie.**

### „GOEIE REGERING"

Die standpunt van die H.N.P. kom dus kortliks daarop neer dat hy enige samewerking wat erkenning van die Ossewabrandwag meebring, van die hand wys. Waarom? En voordat die getroue O.B.-lid in so 'n twyfelagtige toestand sy stem gaan uitbring, wil hy eers antwoord hê op die vraag, „waarom?" Die antwoord wat die H.N.P.-mondstukke op die oomblik gee, is dat daar geen goeie regering kan wees tensy „daar eenheid van beginsels by alle kandidate" is nie.

**Maar hoor ons nie elke dag dat die beste regering wat die Unie nog gehad het die „Pakt"-regering van 1924 was nie? Was daar eenheid van beginsel? Nee, die Arbeidersparty en Nasionale party het saamgewerk sonder prysgewing van beginsels of identiteit, en hulle was die „beste regering" ondanks die uiteenlopende beginsels van die Engelssprekende eentaliges en Nasionaliste daarin. Hoeveel te meer is 'n goeie regering nie moontlik tussen nasionaalvoelende Afrikanergroepe nie?**

### O.B. BESTAAN

Die O.B.-lid wat ses jaar lank vir die voortbestaan van sy organisasie geveg het omdat hierdie organisasie vir ideale staan waaraan hy glo, is nie bereid om af te sien van hierdie organisasie nie — allermins vir die voorreg om aan 'n partypolitieke verkiesing te gaan deelneem — iets waaraan hy juis nie glo nie, want sy ideale is 'n volksverkiesing.

**Ons moet dus aanneem, en die H.N.P.-leiding moet aanneem dat die O.B. nie deur sy eie lede vernietig sal word nie. En hiermee moet rekening gehou word by 'n verkiesing.**

● **Dit is feit nommer vier.**

Aan die ander kant verwag die Ossewabrandwag ook nie dat die H.N.P.-lid sy eie party gaan vernietig om opgeneem te word in 'n nuwe organisasie nie. Die H.N.P.-lid glo eerlik dat daar op hierdie tydstip nog met 'n politieke party geveg kan word. Daarmee moet ook rekening gehou word.

● **Dit is feit nommer vyf.**

Ons het dus voor ons die feit dat die O.B. en die H.N.P. sal voortbestaan ondanks wedersydse uitnodigings om selfmoord te pleeg.

### VOEL EENDERS

Maar aan die ander kant het ons die feit voor ons dat die O.B., die H.N.P. en ander nasionale organisasies almal van Smuts ontslae wil raak, almal 'n wal wil gooi teen onbeheerde immigrasie, almal die naturellevraagstuk op dieselfde grondslag wil benader, almal die gevaar van kommunisme wil besweer, almal huise vir die volk wil bou, almal grondverspoeling wil voorkom, ens., ens.

**Op hierdie punte kan daar saamgeveg en saamgewerk word vir minstens vyf jaar. Die vraagstukke is dringend genoeg om vir vyf jaar volle aandag te geniet.**

● **Dit is feit nommer ses.**

En met die oog op hierdie feit stel die Ossewabrandwag voor dat die nasionale groepe wat eenders voel oor hierdie groot, dringende vraagstukke, 'n **bondgenootskap** sluit waarin elkeen sy eie identiteit en beginsels behou. **Die O.B. vra nie dat 'n stelsel van groepverteenwoordiging ingevoer of dat die partystelsel afgeskaf moet word as die oorwinning by 'n verkiesing behaal word nie — dit kan later kom.** Hy vra ook nie dat die H.N.P. nie sy eie kandidate in die verkiesing moet stel nie; ook vra hy nie die reg om die H.N.P. se kandidate goed te keur nie. **Hy vra slegs dat die verskillende groepe ooreenkom om as bondgenote saam te werk soos die Arbeidersparty en Nasionale Party in 1924 saamgewerk het, met dié uitsondering dat die O.B. vir homself geen setels eis nie.** Dit laat hy oor aan daardie organisasies wat hulle daarvoor beywer.

### VOLKSFRONT

So 'n samewerking met behoud van identiteit noem hy 'n **volksfront**, en die kandidate wat gestel word, sal volksfront-kandidate wees, net soos die kandidate van 1924 „Pakt-kandidate" was, **hoewel hulle deur hul afsonderlike partye gestel is.** Elke Nasionale Party-kandidaat van destyds het die volle organisatoriese steun van die Arbeidersparty gehad en andersom.

Die volksfront wat die O.B. voorstel, is dus **nie** 'n nuwe organisasie waarin die afsonderlike groepe oplos en verdwyn en beheer oor hul eie kandidate verloor nie. **Dit is slegs 'n bondgenootskap waarin elkeen met sy eie soldate en eie offisiere veg, maar met wedersydse ondersteuning aan die gevegsfront en aanwysing van die posisies wat elk moet verower.**

• Dit is dus duidelik dat wat die Ossewabrandwag voorstel, SAMEWERKING is in die juiste betekenis van die woord.

Wat die H.N.P. totnogtoe voorstel, is OORGAWE en VERLOENING van die eie oortuiging.

Die eerste is moontlik omdat dit in 1924 met welslae uitgetoets was. Die laaste is onprakties omdat dit die onmoontlike eis, **want net so min as wat die H.N.P. sy eie identiteit en beginsels wil prysgee, net so min wil en sal die ander organisasies hul identiteit en beginsels prysgee.**

Laat ons daarom die moontlike en beproefde weg volg. Niemand kan daarin verloor nie, en die volk kan alleen so wen. Dit is tewens al manier om Smuts in sy huidige sterk posisie te verslaan.

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

### Werk Saam

Komdte. B. G. Lötter, Pearston, skryf:

Die droogte wat al meer as drie jaar duur, strem ons kommando-bedrywighede. Ons het reeds lyste uitgestuur en wanneer die omstandighede meer gunstig is, sal ons 'n funksie vir 8 Aug. hou.

Die samewerking tussen alle groepe Afrikaners is besonder opvallend. Dit gebeur nie alleen dat H.N.P.'s, O.B.'s en teruggekeerde soldate op sportgebied hartlik saamwerk nie, maar ook andersins. Met die funksie wat ons gehou het vir die insameling van fondse vir noodleniging in Duitsland, het al hierdie groepe saamgewerk. So word eenheid in die stilte gebore. In die kern van ons volkslewe is ons almal nog eensgesind. Dit is ko-operasie, en nie mededinging nie.

Wanneer mens in die verlede terugkyk, lyk die geskille klein en nietig en dit is per slot van sake nie die moeite werd om onderling te stry nie. (Verkort. — Red.).

### Diktatuur

Mnr. J. F. Stemmet, Knysna, skryf: Toe die K.G., dr. J. van Rensburg, onlangs hier was en ons die stadsaal vir die vergadering wou huur, het die stadsraad dit aan ons geweier. Die saal is ook aan ons geweier toe ons 'n funksie daarin wou hou vir 8 Augustus. Selfs die sportvelde word aan die O.B. geweier.

Dieselfde saal is egter op Maandag, 5 Augustus, tot beskikking van die kleurlinge gestel wat 'n dansparty ter ere van die Britse koning se verjaardag gehou het.

Ons vyande sê dat ons 'n diktatuur daar wil stel, maar is dit nie hulle wat diktatoriaal optree deur die saal aan die O.B. te weier en die publiek nie toe te laat om na ons Leier te luister nie? Aan die stadsraad van Knysna wil ek net sê: „Aan jou vriende word jy geken!"


## DIE MôREGLOED

**POSBUS 27 — FLORIDA**

1. „DIE MôREGLOED" — die tydskrif vir alle Aspirante skrywers en skryfsters, asook vir alle belangstellendes, verskyn Oktobermaand — die mooiste mooiste maand.
2. „DIE MôREGLOED" sal maandeliks verskyn.
3. Moet geen uitgawe mis nie, teken dadelik in.
4. Belangrike aankondiginge geskied in die eerste uitgawe.
5. Groot wedstryde gereël vir oud en jonk, ja almal begin in die eerste uitgawe.
6. Maar die belangrikste van alles is ...... ??????
7. Nog 'n verrassing??????
8. ??????
9. „DIE MôREGLOED" sal ongeveer 60 bls. dik wees.
10. EN LUISTER NOU HIER: Elke persoon wat vir ons 3 jaarlikse of 6 halfjaarlikse intekenare kry, gaan „DIE MôREGLOED" vir die tydperk van 1 jaar gratis kry. Hier is nou u kans, om u tydskrif, die tydskrif van Suid-Afrika, vir 'n jaar lank gratis te kry. Kyk nou wat u kan doen.
11. **EN NOU**: DIE REDAKSIE loof hiermee 'n prys van £25 uit vir die beste SPEUR-VERVOLGVERHAAL van ONGEVEER 20,000 woorde.

Asook £25 vir die beste Romantiese Vervolgverhaal, ook van ongeveer 20,000 woorde.

Verder ook 6 pryse van £3 elk vir die ses beste Kortverhale. Die Kortverhale moet nie langer as 1500 woorde wees nie.

Asook 10 pryse van £1-10-0 elk vir die ses beste gedigte.

Verder 20 pryse van 5/- elk vir die 20 beste grappe, en 20 pryse van 7/6 elk vir die 20 beste Foto's soos natuurtonele, ens., ens.

Vir al hierdie bydraes merk u koeverte bo-aan die linkerhoek „WEDSTRYD" en stuur u bydrae aan DIE REDAKTEUR, „DIE MôREGLOED", Posbus 27, Florida, Transvaal.

Sluitingsdatum: **16 September 1946.**

**VIR DIE KINDERS:**

5 Pryse van £1-10-0 elk vir die 4 beste verhaaltjies. Die verhaaltjies moet nie langer as 500 woorde wees nie, en dit moet oorspronklik wees.

Ook tien pryse van 10/- elk vir die tien beste tekeninge soos diere, natuurtonele of enige iets. Die tekeninge moet in Indiese Ink geteken wees.

En tien pryse van 10/- elk vir die tien beste gediggies. Skryf julle name bo-aan die linkerhoek van die bydraes, asook julle ouderdomme en adresse, en stuur dit voor 16 SEPTEMBER 1946 aan: **Tant Debora, p/a „DIE MôREGLOED", Posbus 27, Florida, Tvl.**, en merk julle koeverte bo-aan die linkerhoek „WEDSTRYD".

Word dan nou dadelik intekenaar. Bogenoemde wedstryde is gereël net vir Intekenare en deur die heersende toestande van papier, sal daar nie eksemplare van „DIE MôREGLOED" op straat, of in Boekwinkels te koop wees nie, daarom om teleurstellings te voorkom, teken dadelik in. Stuur u intekengelde dadelik aan die Sirkulasie-Bestuurder, „DIE MôREGLOED", Posbus 27, Florida, Transvaal.

Die intekengelde is slegs 10/- per jaar.

DIE SIRKULASIE-BESTUURDER,
**„DIE MôREGLOED",**
**Posbus 27,**
**Florida, Transvaal.**

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as Intekenaar van „DIE MôREGLOED", vir die tydperk van 1 jaar, waarvoor ek 10/- insluit.

NAAM: ..................................................

ADRES: ..................................................

..................................................

5225-1

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 28 Augustus 1946.

# Die Herkoms van die Afrikaner
## Die Agtiende Eeu as Kultuurperiode

**As ons die Afrikaanse kultuurgeskiedenis deeglik wil bestudeer en leer ken, sodat dit vir ons moontlik sal wees om die verskillende uitingsvorme en kenmerke van die kultuur in die regte perspektief te sien, d.w.s. as ons daartoe in staat wil wees om die oorsprong te kan naspeur van die een of ander ou gebruik of volksgewoonte, of 'n besondere trek in die volkskarakter miskien, dan is dit nodig om met ons studie te begin daar waar verskillende vreemde elemente saamgesmelt het tot 'n eenheid waaruit DIE BOEREVOLK sou ontstaan.**

Die agtiende eeu is die tydperk waarin die vreemde elemente wat van elders hierheen gekom het, saamgesmelt het tot 'n eenheid wat nie meer vreemd was nie, maar Afrikaans.

In die eerste plek gaan ons dus let op watter tipe mense na Suid-Afrika gekom het om die volksplanting te stig, uit watter volkere hulle afkomstig was en in hoeverre elke groep sy stempel hier in Suid-Afrika afgedruk het.

DIE HOLLANDERS

Die doel van die Here XVII was nie om 'n volksplanting aan die Kaap te stig nie, maar net om 'n halfwegstasie daar te stel waar die handelsvloot wat tussen die Nederlande en die Ooste gevaar het, kon aandoen om vars water en voorrade in te neem. Die doel was nie om van die Kaap 'n blywende instelling te maak nie. Oorspronklik was daar nooit 'n gedagte om 'n kolonie te stig nie. Die gevolg was dus dat die tipe mens wat Van Riebeeck met hom saamgebring het, nie die kultuurdraers van die destydse Nederland was nie, nie persone aan wie die taak toevertrou kon word om die kultuur van die Moederland in 'n nuwe kolonie oor te plant nie, maar mense wat in die eerste plek geskik was om harde en moeilike werk onder moeilike omstandighede te verrig. Dit was meestal seeliede en soldate wat uit die laer stande afkomstig was.

Behalwe hierdie eerste groep wat n 1652 hier voet aan wal gesit het, het daar ook van tyd tot tyd immigrante uit Nederland na die Kaap gekom om hulle hier te vestig. Dit het veral gebeur nadat die Here XVII in 1657 besluit het dat privaat persone („vryburgers") toegelaat sou word om self landbou te beoefen en hulle produkte aan die Kompanjie te verkoop. Die lewe aan die Kaap in hierdie beginjare was aan die moeilikste omstandighede onderhewig. Daar was nooit 'n goeie vooruitsig vir die oeste nie omdat die landbouers nie die klimaat van die land geken het en dus nie geweet het watter produkte om te plant en wanneer dit geplant moes word nie. Materiaal van alle soorte was skaars omdat alles uit Holland self ingevoer moes word. Verder was daar die gevaar van inboorlinge en wilde diere waaraan die mense wat buite die ringmuur van die Fort gewoon het, blootgestel was. Dit spreek dus vanself dat immigrante wat uit Nederland na die Kaap verhuis het met die doel om hulle hier te vestig, gewoonlik die mense sou wees wat in die Moederland self dit so moeilik gevind het om 'n bestaan te maak dat dit vir hulle verkiesliker was om hulle aan al hierdie gevare en ontberinge bloot te stel as om in die Moederland self te bly. Dit is dus ook duidelik dat net so min as die werksliede van Jan van Riebeeck, hierdie latere aankomelinge ook nie uit die hoogste klasse van Nederland was nie; bepaald nie die fyn kultuurdraers van die 16de en 17de eeuse Nederland van die „Goue Eeu" nie.

HULLE BYDRAE

**Die feit dat die eerste stigters van die Kaap uit mindergegoede maatskaplike klasse afkomstig was, wil egter nog nie sê dat dit die uitvaagsels van Nederland was wat die stamvaders van 'n nuwe volk in Suid-Afrika kom word het nie. Inteendeel, daar het 'n natuurlike en 'n doelbewuste seleksie plaasgevind sodat misdadigertipes en ander ongewenste persone uit die Kaapse gemeenskap uitgeskei is.** Natuurlike seleksie, omdat diegene wat nie genoeg **karaktervastheid en deursettingsvermoë** gehad het om onder die veeleisende omstandighede van die boerdery en die lewe aan die Kaap in die algemeen 'n sukses te maak nie, noodwendig verder moes gaan om elders 'n heenkome te vind. Doelbewuste seleksie, omdat, volgens ordonnansie van die Here XVII alle persone wat hulle aan wangedrag skuldig gemaak het, gedeporteer moes word.

*Voortaan sal daar gereeld in „Die Boerejeug" 'n artikel oor een van die onderwerpe in die Werkprogramme uiteengesit, verskyn. Hierdie artikels moet in 'n spesiale plakboek bewaar en tydens tuisbyeenkomste verden bespreek word.*

**Op die wyse het hier alleen die geharde karaktervaste vryburgers oorgebly wat aan die Afrikaanse volkskarakter wou oordra die strenge eenvoud van die Hollandse boerelewe, die flegmatiese denkwyse en die rasionele volksaard; mense wat eenvoudig geleef het, wat meer verstands- as gevoelsmense was, dus nie maklik opgesweep kon raak en nie sommer deur die opwelling van die gevoel tot onbesonne dade gedryf kon word nie, maar wie se handelinge gekenmerk is deur beredenering, deur wik en weeg. 'n Groep wat hier aan die Kaap verder aan die strengste lewensreëls onderworpe was en op die wyse nog meer daartoe gedwing is om hulle onder die strafste eise te vrede te stel.**

---

**KOMMUNIS ONDER ARRES.** — Die sekretaris van die Kommunistiese Party in Transvaal, Daniel J. du Plessis, is deur die polisie in hegtenis geneem kragtens die wet op oproerige byeenkomste.

Dit spruit voort uit die onlangse stakings van die naturelle aan die Rand.


# VOLKSKAS BEPERK

Kantoor van die Hoofbestuurder,
Sentraalstraat,
PRETORIA.
14 Augustus 1946.

## Kennisgewing aan Aandeelhouers

Die Direksie het genoeë om bekend te maak dat by geleentheid van die twaalfde jaarlikse algemene ledevergadering, besluit is om 'n diwidend van 5% (vyf persent) op gestorte kapitaal uit te keer ten opsigte van die boekjaar geëindig 31 Maart 1946, aan aandeelhouers op gemelde datum in die boeke van die Maatskappy geregistreer.

Diwidendtjeks word vandag in die pos gedoen.

Is u jongste adresverandering al aan die Bank opgegee?

J. J. BOSMAN,
Hoofbestuurder.
5264-2


## Laertrek Naby Nylstroom

Onder leiding van generaal P. P. J. van Rensburg van Generaalskap F2, is 'n gesamentlike opleidingslaer gehou naby Nylstroom van 21 tot 31 Julie. Genl. M. M. Smith, Hoofforganiseerder van Gebied F en kommandante mev. Smith het die laer voltyds bygewoon as ook kommandant Taljaard en kommandante Gersbach van die Boerejeug-Hoofkwartier. Hoofwaggeneraal W. P. de Villiers het ook die laer besoek en baie leersame lesings gehou. Verder was ook teenwoordig waggenl. Eloff en hfwagkomdt. Mostert. Genl. M. M. Smith wat alom bekend is by laertrekke, het die laergangers op baie bekwame wyse geleer wat die O.B. werklik is. Hy is besig om van die Afrikaner weer 'n Boerenasie te maak en hom weer terug te bring op die pad van ons voorouers. Die gees wat daar geheers het, was wonderlik. Kommandante Smith wat in bevel van die kombuis was, het haar meesterlik gekwyt van haar taak. Sy is op skitterende wyse bygestaan deur die dames van die gesinslaer en die Boeredogters.

Die kampvuur-aande was baie aangenaam en is goed deur die publiek bygewoon. Diegene wat deur onverskilligheid die laer nie bygewoon het nie het baie gemis. Die laerterrein wat deur oom Jan van Rensburg aan die O.B. geskenk is, is net die regte plek vir die doel. Daar sal voortaan elke jaar omtrent dieselfde tyd 'n laertrek gehou word. Diegene wat dit reeds bygewoon het, sal seker nie so 'n geleentheid maklik laat verby gaan nie. (Korr.).

## Waardering

Martha Viljoen van Paarl skrywe:

Beste Jeugleier, ek sal darem graag net so 'n kort briefie aan u wil skryf.

Toe ek u brief lees kon ek eers nie agterkom wat u nou wil sê oor die „ek" en „myne" nie, maar toe ek klaar die brief gelees het, toe besef ek hoe min party van ons besef dat dit 'n eer is om 'n eie taal te hê en om dit suiwer te praat.

Die 9de Augustus hou ons al weer ons O.B.-basaar, maar almal sien maar swarigheid want suiker is so skaars.

Ons Boerejeug het ook 'n tafel en nou moet ons net hard werk om darem 'n sukses te maak.

Ek wens darem ons kan meer spasie hê in die koerant, dis vir my so mooi om al die goedjies te lees en dan as ek nou net regtig lekker lees dan is ons kinderdeel klaar.

(Volgens „Die O.B." van 14 Augustus het Paarl se Boerejeug, ten spyte van die tekort aan suiker, 'n skitterende bydrae gelewer. Veelsgeluk met die mooi prestasies.

— JEUGLEIER).

## Leef Lekker In Duitsland

Onderwyl die Duitsers in skuilkelders woon en hulle self tevrede moet stel met die oorblyfsels van die bomverwoeste huise, woon die vroue van Britse offisiere in nuutgeboude woonstelle, waarvan die kleinste vier vertrekke het. Hierdie vroue het verklaar dat die lewe in Duitsland lekkerder is as in Engeland vanweë die moderne geriewe. Die kamers is met moderne meubels uitgevoer en die kombuise is vol kooktoerusting. Hulle gebruik Duitsers vir bediendes.


Goeie Voedsel
Vars Lug
Ontspanning
Rus

—Hierdie Vier Vereistes vir Goeie Gesondheid vind vervulling by

# Die B A D
## Warmwaterberg

Sonnige Gesondheidsoord van die Klein-Karoo. Aangename Geselskap en die Water wat genees bied verdere Verkwikking vir Liggaam, Siel en Gees.

MODERNE GERIEWE
BILLIKE TARIEWE

Telefoneer om Akkommondasie:
**Warmwaterberg No. 1,**
of skryf aan:
**Bestuurder,
Bad Warmwaterberg,
oor Barrydale, K.P.**
5240—4

# MARKAGENTSKAP
## VROEE MÔRE-MARK
### KAAPSTAD

**Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang**

**Beste heersende pryse**

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**

**Eienaar: GUSTAV RETIEF**

# „EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Grande Splendore | 7/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.I | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**VOORWAARDES:**
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald.

EXCELSIOR
WYNMAKERY
(Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE
(KAAPLAND)

# Kommunisme 'n Joodse Wêreldbeweging

## BEKLEE ALLE HOOFAMPTE

**Met uitsondering van name soos Moses Kotane, hoofsekretaris van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika, wat 'n naturel is, is die name van die kommunistiese leiers in ons land hoofsaaklik Joods. Dieselfde geld vir die kommunistiese militêre arm, die Springbok-legioen, van wie se leiers daar kort gelede 'n portret in Die O.B. verskyn het — feitlik almal Jode. Die leier van hierdie organisasie is ene sersant-majoor Isacowitz.**

**Hierdie verskynsel het hom in elke land van die wêreld waar kommunisme sy kop uitgesteek het, voorgedoen.** Die Jewish Chronicle van 4 April 1919 het hierdie feit onderstreep met die woorde:

„Daar is baie in die feit van die Bolsjewisme self, **in die feit dat so baie Jode bolsjewiste is,** in die feit dat die ideale van die bolsjewisme op baie punte ooreenstem met die beste ideale van Judaïsme."

En in dieselfde jaar het ene Cohan in die kommunistiese tydskrif van Kharkhof na die Russiese revolusie verwys met die woorde:

**„Sonder oordrywing kan gesê word dat die groot Russiese revolusie inderdaad deur die Jode teweeggebring is. Dit is waar dat daar geen Jode in die geledere van die Rooi Leër is sover dit manskappe betref nie, maar in die besture, en in die Sowjet-organisasies as kommissarisse, is die Jode op dappere wyse besig om die massas tot oorwinning te lei. Die simbool van die Jodedom het ook die simbool van die Russiese proletariaat geword, wat gesien kan word in die aanvaarding van die vyfpuntige ster wat in vroeër tye, soos algemeen bekend, die simbool was van Sionisme en Judaïsme."**

### TWEEHONDERD

Hierdie verklaring is gerugsteun deur die volgende berig in die Morning Post van 24 Sept. 1919 in verband met die burgeroorlog in Rusland:

„Omtrent tweehonderd bolsjewistiese kommissarisse is in Odessa voor 'n krygsraad verhoor. **Almal van hulle was Jode.** Een van hulle was, na verklaar is, verantwoordelik vir die dood van 500 offisiere."

Een van die eerste maatreëls wat die bolsjewiste ná hul magsaanvaarding in Rusland uitgevaardig het, was om die doodstraf te plaas op anti-semitisme.

Die geheime oorlogsraad van die bolsjewiste in 1917, tydens die revolusie in Rusland, het bestaan uit 12 lede van wie 7 Jode was, met die Jood Sverdlof as voorsitter.

**Volgens die korrespondent van die Times het die hoofbestuur van die Kommunistiese Party in Rusland in 1918 bestaan uit nege Jode en drie Russe.**

### 224 UIT 273

In 1920 was die regering van Sowjet-Rusland as volg saamgestel:

Raad van volkskommissarisse: 22 lede van wie 17 Jode.

Kommissariaat van Oorlog: 43 lede van wie 33 Jode.

Buitelandse sake: 16 lede van wie 13 Jode.

Finansies: 30 lede van wie 24 Jode.

Justisie: 21 lede van wie 20 Jode (ons regsprofessie bestaan vandag vir byna twee-derdes uit Jode).

Openbare voorligting: 53 lede van wie 42 Jode.

Volkswelsyn: 6 lede van wie almal Jode.

Kommissariaat van arbeid: 8 van wie 7 Jode.

Kommissariaat van provinsies: 23 van wie 21 Jode.

Joernaliste: 41 van wie almal Jode.

**Uit 'n totaal van die 273 belangrikste beamptes in die Sowjet was 224 dus Jode.**

**Stalin self, wat aan die hoof van die bewind staan, is nie 'n Jood nie, maar hy is met 'n Jodin getroud.**

### DEUR DIE BANK

Behalwe hierdie Joodse oorheersing in die Russiese regering, is dit ook 'n feit dat die verteenwoordigers van die Sowjet in die buiteland byna sonder uitsondering Jode is.

'n Franse joernalis, R. Vaucher, wat geen vooroordele teen die Jode dra nie, het van sy ondervindinge in Rusland as volg geskryf:

„Wanneer 'n mens in voeling met die Russiese beamptes lewe, word jy deur 'n merkwaardige feit getref: **„Hulle is almal, of byna almal Jode. Ek is alles behalwe 'n anti-semiet, maar ek moet sê wat ek oral opgemerk het in Petrograd, in Moskou, in die provinsies, in al die kommissariate, in die distrikskantore, in die sowjets, het ek Jode en nogmaals Jode teengekom. Hoe meer 'n mens die tweede revolusie bestudeer, hoe meer word jy daarvan oortuig dat bolsjewisme 'n Joodse beweging is."**


### BUITELAND

In die revolusies en pogings tot revolusie in ander Europese lande was dit dan ook Jode wat aan die hoof van die beweging gestaan het. Die revolusies in Duitsland in 1918 is gelei en bestuur deur die Jode Liebknecht, Luxenbourg, Eisner, Landsberg, Kohn, Herzfeld, Schiffer, Bernstein, Rosenfeld, ens. ens.

Dieselfde geld vir die revolusie in Hongarye wat die berugte Jood Bela Kun aan bewind geplaas het. **Hoewel daar slegs 1½ miljoen Jode in 'n bevolking van 22 miljoen Hongare was, was 18 van die 26 kommissarisse in die Sowjet-regering van Hongarye Jode.**

Die Kommunistiese beweging in Spanje, wat deur genl. Franco met groot inspanning gestuit is, is gelei deur Jode en selfs die vrywilligers uit ander lande wat teen Franco kom veg het, was deurspek van Jode. **Die Internasionale Brigade het onder aanvoering van die Jood genl. Kleber, wie se regte naam Lazar Fekete-Schwartz was, gestaan, en een-derde van die lede was Jode.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

*Die Nuwe Doeltreffende Aanvalsmiddel teen INSEKPLAE*

AGRICURA „DEESOL"

30% DDT OPLOSSING

VORM MAKLIK 'N EMULSIE MET WATER EN KAN NA WENS VERDUN WORD.

*Die Goedkoopste, Veiligste en Doeltreffendste*

VORM VAN D.D.T. VIR GEBRUIK IN GEBOUE, OP DIERE EN OP PLANTE TEEN ALLE INSEKTEPLAE WAT VIR D.D.T. KWESBAAR IS.

Verkrygbaar by u Ko-operasie,

of direk van

AGRICURA LABORATORIA BPK.

ANDERSONSTRAAT 204, JOHANNESBURG.

Pryse: ¼ Gelling 7/6. 1 Gelling 24/-.

Vra ons om gratis pamflet oor volledige inligting oor hierdie middel gee. D.D.T. wat



Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID


BANKIERS HOOFKANTOOR: PRETORIA.


## V.S.A TUG TITO

**Tito, die kommunis, wat aan die hoof van die Suid-Slawiese staat staan, het in 'n brief aan die V.S.A. se departement van buitelandse sake sy spyt betuig oor die afskiet van V.S.A.-vliegtuie wat dan sy gebied sou „geskend" het. Sy spytbetuiging het gekom 7½ uur nadat hy 'n sterk protes-nota van die V.S.A. ontvang het.**

**Hierdie insident getuig van die V.S.A. se vasberade wil om hom nie gedurig deur Rusland en sy satelliete te laat uittart nie.**

## HOOFSEKRETARIS



Die speurders het onlangs klopjagte gehou op die Kommuniste se partykantore. Op die foto staan die hoofsekretaris van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika in sy kantoor. Hy heet Moses Kotane.